Vaalpark Gemeente
Vaalpark Congregation

Gebedsbulletin
No. 11 van 2019

17 Maart 2019

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Wie is jou 'Jona'?

"En hy (Jona) antwoord hulle: Neem my en gooi my in die see; dan sal die see om julle heen bedaar; want ek weet dat om my ontwil hierdie groot storm oor julle gekom het" Jona 1:12

Toe Jona op 'n skip geklim het wat in die teenoorgestelde rigting van God se wil gevaar het, het die bemanning ontdek dat daar 'n hoë prys te betaal is wanneer jy die verkeerde persoon in jou lewe toelaat. God het jou nie die magtiging gegee om iemand anders se lewensondersteuningstelsel te wees nie. Veral as hulle besig is om van Hom weg te hardloop en jou gebruik om dit te doen! Met Jesus aan boord kan jy dit deur enige storm maak. Wanneer jy egter vir Jona aan boord toelaat, sal hy jou lewe omkeer en jy sal die risiko loop om alles te verloor. Dink jy regtig dat jy jou 'Jona' kan regruk? Nee. 'Toe stuur die Here 'n groot vis om Jona in te sluk...' (Jona 1:17 NLV). Soms is die beste ding wat jy vir iemand kan doen om hom oor boord te gooi. So lank as wat jy aanhou om hom te red, staan jy in God se pad. Kyk na Jona - terwyl die bemanning desperaat besig was om goed oor boord te gooi, was hy besig om te slaap! Hy wou nie reggehelp word nie, hy wou gemaklik wees! Ken jy so iemand? Die rede hoekom hulle nie verander nie, is omdat hulle nie gereed is om te verander nie! Jona was so hardkoppig dat hy drie dae in die vis se maag deurgebring het, voor hy begin bid het. As dit jy was, sou jy die oomblik wat jy die vis gesien het begin bid het, nie waar nie? Dit mag dalk moeilik wees om aan te hoor, maar soms is die beste ding wat jy vir jou 'Jona' - en jouself - kan doen, om hulle oor boord te gooi en toe te laat dat God hulle red.

deur Bob & Debby Gass

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressielyers
- Bid asb vir Eskom & sy werkers in die moeilike tye
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & land
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Isak Mofokeng – hy is ernstig siek
- Bid asb vir Hennie van Aswegen dat voet ten volle herstel
- Bid asb vir Ria Putter vir volle genesing
- Bid asb vir Bert Schoeman-vir genesing vir enkel
- Bid asb vir Shaun Heymans vir volle herstel
- Bid vir Gert & Magriet du Plooy-albei is ernstig siek
- Bid asb vir Louis Almeida-hy gaan vir 'n rugoperasie
- Bid asb vir Francios Naude vir s poedige herstel
- Bid asb vir JB van Heerden vir genesing

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- Ons is lief vir U!

Stand up for what is right, even if you're standing alone!

"Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U bly kan wees nie?" ***Ps 85:7***

Gedagte vir die week

Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
VP Congregation English Service @ 11:00 every Sunday		
12 Mei 2019	Paassangdiens	VP Kerk
25 Mei 2019	Vleisfees	VP Kerk

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.